

Elegante tafelmatjie



BENODIGDHEDE: 40 g Pingouin-gare nr. 5; hekelpen van 1,75 mm.

GROOTTE: 31 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - ko:teen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; st(e) - steek(steke); vlg - volgende; herh - herhaal; vermeer - vermeerder; goh - garing oor hekelpen; hlb - halflangbeen; gp(e) - groep(groepe); sp(s) - spatie(spasies).

AANWYSINGS: Maak 12 ks, gs in 1e ks om ring te vorm. Hekel 24 kb in ring, gs in 1e kb.

1e ry: 5 ks (vir 1 lb en 2 ks), * slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg kb, 2 ks, herh van * rondom, gs in 3e ks (12 sps).

2e ry: gs tot in 1e sp, 4 ks, 1 lb en 1 ks in dieselfde sp, * 1 lb op lb, 1 ks, 1 lb, 1 ks, 1 lb en 1 ks in sp, herh van * rondom, gs in 3e ks (36 lb).

3e ry: gs tot in 1e sp, 5 ks, * 1 dsl, 1 ks in elke sp, gs in 3e ks.

4e ry: Hekel 1 kb op elke dsl en 1 kb in elke sp, gs in 1e kb.

5e ry: 1 ks, 1 kb in elke kb, gs in 1e kb (72 kb).

6e ry: 1 ks, 1 kb in elke kb, maar vermeer 1 kb in elke 9e kb, gs in 1e kb (80 kb).

7e ry: 4 ks, 1 dsl in dieselfde plek as ks, 1 dsl in vlg kb, 2 dsl in vlg kb, * 2 ks, slaan 2 kb oor, 2 dsl in vlg kb, 1 dsl in vlg kb, 2 dsl in vlg kb, herh van * rondom, gs in 3e ks.

8e ry: 4 ks, 4 dsl oor 4 dsl, * 5 ks, 1 kb in sp, 5

ks, 5 dsl oor 5 dsl, herh van * rondom, gs in 4e ks.

9e ry: 4 ks, 4 dsl oor 4 dsl, maar hou laaste lus van elke st op pen, goh, trek lus deur, 1 gs, 7 ks, 1 kb in 1e sp, 3 ks, 1 kb in vlg sp, 7 ks, * 5 dsl oor 5 dsl, maar hou laaste lus van elk op pen, goh en trek lus deur, 1 gs, 7 ks, 1 kb in 1e lus, 3 ks, 1 kb in vlg lus, 7 ks, herh van * rondom, gs in 4e ks.

10e ry: * 1 kb in bopunt van gp, 5 ks, 1 kb in middel van 7-ks-sp, 3 ks, 1 kb in middel van vlg 7-ks-sp, 5 ks, herh van * rondom, eindig met 1 kb in laaste 7-ks-sp, 3 ks, 1 lb in 1e kb.

11e ry: 1 kb in 1e sp, 5 ks, * 1 kb in vlg sp, 5 ks, herh van * rondom, eindig met 3 ks, 1 lb in 1e kb.

12e tot 14e ry: Soos 11e ry.

15e ry: 1 kb in 1e sp, * 6 ks, 1 kb in 5e ks vanaf pen, 1 hlb in vlg ks, 1 lb in vlg ks, 2 ks, 1 kb in vlg sp, herh van * rondom, 1 gs in 1e kb (48 gpe).

16e ry: gs tot in bopunt van 1e gp, * 1 kb in punt van gp, 7 ks, herh van * rondom, eindig met 1 gs in 1e kb.

17e ry: 6 ks, * 1 lb, 2 ks, 1 lb en 2 ks in sp, 1 lb in kb, herh van * rondom, gs in 3e ks.

18e ry: 5 ks, * 1 lb op lb, 2 ks, herh van * rondom, gs in 3e ks.

19e ry: gs tot in middel van 1e sp, * 1 kb in sp, 7 ks, slaan 1 sp oor, herh van * rondom, eindig met 3 ks, 1 lb in 1e kb.

20e ry: * 1 kb in sp, 7 ks, herh van * rondom, eindig met 3 ks, 1 dsl in 1e kb.

21e ry: gs tot in middel van 1e sp, * in sp hekel 5 dsl (4 ks vir 1e dsl) 7 ks, 1 kb in vlg

sp, 7 ks, herh van * rondom, gs in 4e ks.

22e ry: * 5 dsl (4 ks vir 1e dsl) oor 5 dsl, 7 ks, 1 dsl op kb, 7 ks, herh van * rondom, gs in 4e ks.

23e ry: * 5 dsl (4 ks vir 1e dsl) oor 5 dsl, maar hou laaste lus van elk op pen, goh en trek deur, 1 gs, 3 ks, gs in 3e ks (picot), 5 ks, 1 lb in 1e sp, 3 ks, 1 kb in vlg sp, 5 ks, herh van * rondom, gs in bopunt van 1e gp, heg af. ●

